DSPACE

https://dspace.org/

'n Geannoteerde lys Engels-Afrikaanse verfkleurterme wat in die skone kunste gebruik word.

Forster, Ingeborg Este

2015-01-21
http://hdl.handle.net/10539/16663

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

'n Geannoteerde lys Engels-Afrikaanse verfkleurterme wat in die skone kunste gebruik word.

Ingeborg Esté Forster

'n Vertaalprojek voorgelê aan die Fakulteit Lettere, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, tar gedeeltelike vervulling van die graad Magister Artium in die Vertaalkunde.

Verklaring

Ek verklaar hiermee dat hierdie projek my eie oorspronklike werk is. Dit word voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die graad Magister Artium in die Vertaalkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg. Dit is nie vantevore vir enige graad of eksamen aan enige ander universiteit voorgelê nie.

.....
Ingeborg E Forster

17.3.87
Datum

Bedankings

My promotor, Hannetjie Linde, vir haar geduld en toegewyde ondersteuning die afgelope twee jaar.

Neels - ter elfder ure!

Opdrag

Für Bruce

Ohne Dich wäre es nicht möglich.

Abstract

The object of this project is to compile a standardized English-Afrikaans list of paint colour terms as used in the fine arts.

For this purpose a study was made of terminology work and paint colour terms, with special reference to the origin and nature of the existing English paint colour terms. It was found that whereas the English terms had all the characteristics of a rigorously organized technical terminology, the few existing Afrikaans terms formed part of a general vocabulary used by the layman. For this reason a method of literal translation from English was adopted to "create" Afrikaans terms.

Problems encountered in applying the literal translation method are discussed in the annotations to the list of terms.

It was concluded that contrary to the views of the Vaktaalburo, the coining of new Afrikaans terms does not always meet the requirements of technical terminology, namely standardization and international recognition.

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
INLEIDING		1
1. DEEL I	TERMINOLOGIEWERK	5
2. DEEL II	KLEURBENAMINGS EN KLEURTERME	18
3. VOORWOORD EN ENGELS-AFRIKAANSE LYS VERFKLEURTERME		29
4. ANNOTASIES TOT DIE LYS VERFKLEURTERME		55
GEVOLGTREKKING		66
BRONNELYS		70

--- ooo ---

INLEIDING

Die doel van hierdie projek is om 'n lys Engels-Afrikaans verf-kleurterme op te stel en om ondersoek in te stel na bepaalde aspekte van terminologiewerk.

Kleurterme in die algemeen beslaan 'n geweldige breë terrein en om hierdie rede is daar besluit om die studieveld vir hierdie projek tot 'n spesifieke gebied te beperk. Die kleurterme wat in die lys verskyn, is die verfkleurterme wat in die skone kunste gebruik word. Dit behels slegs olieverf, waterverf, gouache, lateks en akrielverf. Hierdie groep sluit nie ink, pastelle of kleurpotlode in nie. Modekleurterme asook kommensiële kleurterme is nie in die lys opgeneem nie, aangesien sodanige kleurterme dikwels verander en nuwe kleurterme geskep word soos wat die 'mode' nuwe kleurterme nodig het. Die oorgrote meerderheid verf-kleurterme in die lys bestaan reeds sedert 1982 en het met die uitsondering van nuwe terme wat geskep is, konstant gebly. Dit is dan juis ook op hierdie gebied waar daar 'n leemte bestaan wat betref die ooreenkomstige Afrikaanse terminologie.

Die hoofdoelwit van terminologiewerk is om internasionaal aanvaarbare en gestandaardiseerde terminologie tot stand te

/2 .....

bring. In hierdie projek word daar aandag geskenk aan Afrikaanse terminologiewerk en die verband tussen Engelse en Afrikaanse terminologiewerk.

By die opstelling van hierdie lys kleurterme is daar gevind dat 'n diepgaande studie van die oorsprong en aard van die Engelse kleurterme van wesenlike belang is, aangesien dit onder andere ook die aard van die nuwe Afrikaanse kleurterm beïnvloed.

Vir hierdie projek is al die katalogusse en brosjures van die verwe wat in die skone kunste gebruik word en wat plaaslik beskikbaar is, gebruik om die lys Engelse terme op te stel. Ten einde te verseker dat die Afrikaanse terme presies dieselfde betekenis as die Engelse terme inhou, is die etimologiese ontstaan van elke term nagevors. 'n Kort weergawe van enkele terme se ontstaan verskyn in die annotasies.

Vir die doeleindes van hierdie projek is daar besluit om die kleurterme alfabeties te orden. Dit vergemaklik die vertaler se taak omdat die vertaler nie terselfdertyd vakkundige en vertaler kan wees nie. Die kleurterme word gewoonlik volgens kleur geordeen - al die skakerings van byvoorbeeld blou verskyn dus

/3 .....

saam en dit gaan dan weer oor na al die skakerings van byvoor= beeld rooi. Maar die vertaler in Suid-Afrika kan nie spesial= iseer nie en beskik dus nie altyd oor die nodige vakkennis om 'n kleur sleqs na aanleiding van die 'naam' te identifiseer nie.

Die vertaler wat nie 'n vakspesialis is nie, sal byvoorbeeld nie weet dat die term Gamboge in die geelgroepkleure is nie.

Die Afrikaanse terme in hierdie lys is letterlike vertalings van die Engelse terme en gevolglik is daar op hierdie wyse gepoog om die internasionale karakter van die terme te behou. Hierdie vertaalmetode is as die geskikste vir hierdie projek beskou, alhoewel dit strydig is met die Vaktaalburo se standpunt. Dié instansie stel voor en vra as dat nuwe Afrikaanse terme geskep moet word in gevalle waar daar nie 'n Afrikaanse term bestaan nie.

Wat die opstelling van die lys betref, is voorkeur verleen aan die preskriptiewe metode van opstelling aangesien dit tot outo= matiese standaardisasie lei. Daar verskyn dus een Engelse term aan die Engelse kant van die lys en net een ekwivalente Afrikaanse term aan die Afrikaanse kant van die lys.

/4 .....

Die annotasies tot die lys verfkleurterme verskyn om akademiese redes en moet dus nie as 'n praktiese handleiding tot die lys terme beskou word nie. Die probleme wat ondervind is, word in die annotasies bespreek, en redes vir sekere vertalings word aangevoer.

Afkortings wat in die projek gebruik is :

- Bosman, Van der Merwe & Hiemstra : B.W.H.
- Terblanche : Terbl.
- The Shorter Oxford English Dictionary : SOED

DEEL 1

TERMINOLOGIEWERK

Algemene Oorsig

Wat is 'n TERM?

Volgens professor Eugen Wüster wat as die vader van terminologie-werk beskou kan word, is 'n term :

> "Daardie uitbeelding wat nie terselfdertyd beide 'n onderwerp en predikaat bevat nie. Dit is hier nie van belang of die begrip deur 'n enkele woordelement of deur meer as een woordelemente verteenwoordig word nie" (Vertaling van Wüster, 1970, p.11).

'n Term kan dus, soos in hierdie lys terme, uit een woord of meer as een woord bestaan.

Die basiese oogmerk van terminologiewerk is om 'n internasionale vaktaal tot stand te bring. Die oorgrote meerderheid van die terminologiewerk wat reeds voltooi is en steeds aangevul word, is in die wetenskap en tegnologie en ander verwante vakgebiede. Hierdie verwikkelinge is byna logies van aard aangesien wetenskap-

/6 .....

likes en tegnoloë reg oor die wêreld, oor kultuurgrense en selfs taalgrense heen, op een of ander wyse - op 'n verstaanbare wyse - met mekaar kommunikeer. So byvoorbeeld is Freud se terminologie, 'die ego, id en superego', terme wat *internasionaal gebruik* word en sielkundiges sal presies weet waarna daar verwys word.

Hoewel daar *jare gelede pogings* aangewend is om Esperanto as 'n soort wêreldtaal erken te kry, is Wüster van mening dat Engels veel eerder as 'n soort "Terminologieschlüssel" (terminologie-sleutel) vir die basis van 'n "Terminologiesprache" (terminologie-taal) beskou kan word (Wüster, 1970, p.431). Hy bespreek verder ook die feit dat Engels sedert die Tweede Wêreldoorlog sterk veld gewen het in vergelyking met Duits en Frans en dat 60 persent van alle radio-uitsendings en 70 persent van alle tydskrifte wat ge-publiseer word, in Engels is (Wüster, 1970, p.11). Dit is dus ook nie verbasend dat daar in die Verenigde Koninkryk alleen tans ongeveer 8 000 kleurterme bestaan nie.

Sodanige kleurterme moet nie met kleuromskrywings verwar word nie. Kleuromskrywings is dikwels slegs 'n aanwyser van die spesifieke kleur en kan daarom nie as 'n kleurterm beskou word nie. Die om-skrywings is ook dikwels op gevoelswaarde gebaseer. So is daar byvoorbeeld gevind dat persone wat die Rorschach-toets doen, dik-wels die gekleurde areas van die inkkolle assosieer met onder andere 'sonsondergange', 'bloed' en die 'see' (Vernon, 1975, p.68).

/7 .....

Die Rorschach-toets word in Sielkunde gebruik vir diagnostiese toetse en bestaan uit tien kaarte met 'n simmetriese inkkladontwerp. Hierdie kleure is omskrywend van aard en die benaming stem selde ooreen met die spesifieke golflengte van die lig wat die kleur verteenwoordig (Vernon, 1975, p.69).

> Nida tref ook 'n onderskeid tussen tegniese terme en gewone woordeskat : "technical terms are typically more precise and technical terminologies more rigorously organized than ordinary vocabulary; ....." (Nida en Taber, 1969, 208).

Om hierdie rede word daar dus vir die doeleindes van hierdie projek 'n onderskeid getref tussen 'n kleurterm en 'n kleurbenaming. 'n Kleurbenaming word dus gesien as daardie 'kleurterm' wat in die omgangstaal gebruik word om 'n kleur aan te dui, terwyl 'n kleurterm die term is wat deur die vakkundige gebruik word, bv.

Magenta	-	Magenta
Magenta	-	skelrooi (omgangstaal en omskrywing)

Indien die hoeveelheid Engelse kleurterme met die hoeveelheid Afrikaanse kleurterme vergelyk word, word 'n duidelike gebrek aan

/8 .....

algemeen aanvaarbare Afrikaanse terme sigbaar. En juis hierdie leemte het as aansporing tot die opstel van 'n tweetalige lys kleurterme gedien.

In Suid-Afrika word Engels en Afrikaans nie onafhanklik van mekaar gebruik of aangewend nie; die twee tale beïnvloed en vul mekaar in der waarheid wedersyds aan. Dit het daartoe aanleiding gegee dat Afrikaans en Engels dikwels bestaande woorde in die een taal net so in die ander taal opgeneem het. Dink byvoorbeeld aan trekker (in die sin van 'n persoon wat van een gebied na 'n ander trek), braai, koppie en vele ander. Sover dit kleurterme betref, het Afrikaans beige, maroon en mauve van Engels oorgeneem.

Afrikaans is 'n veel jonger taal as Engels en gevolglik is die tekort aan spesifieke terminologie heeltemal verstaanbaar. Dit is egter interessant dat Wüster in sy boek, "Internationale Sprachnormung in der Technik", noem dat daar vir 'n lang tyd in Afrikaans geen terminologie bestaan het nie en dat alhoewel Afrikaans terminologie vanuit die Hollandse taalgebied kon neem, dit nie plaasgevind het nie. Daar is veel eerder op 'n planmatige skepping van eie-terme besluit (Wüster, 1970, p.438). Om hierdie reusetaak te verrig is die Vaktaalburo dan ook deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns in die lewe geroep.

Die inter-afhanklike verband wat tussen Engels en Afrikaans

/9 .....

bestaan, het ook tot gevolg gehad dat die Afrikaanse vertaler en vakkundige dikwels vertroud is met beide die Engelse en Afrikaanse terminologie. In so 'n geval bestaan daar reeds 'n assosiatiewe verband tussen die term en die objek waarna die term verwys. Indien hierdie assosiatiewe verband reeds gevestig is, moet alle pogings aangewend word om dit te behou. Sou hierdie verband verbreek word, sal 'n nuwe verband tussen die nuwe term en dieselfde 'ou' objek gevorm moet word. Die invloed van Engelse terme kan dus nie bloot geïgnoreer word nie omdat die vertaler en vakkundige al te dikwels met beide Engels en Afrikaans 'langs mekaar' werk.

Volgens Van der Merwe vind daar naas "kulturele ontleninge" ook "intieme ontleninge" plaas waar "twee of meer tale of dialekte gepraat word in 'n land wat topografies en polities een gemeenskap vorm" (Van der Merwe, 1970, p.242). In die geval van kleurterme vind daar juis "intieme ontleninge" plaas sodat die assosiatiewe verband tussen die Engelse en Afrikaanse terme behoue kan bly. Van der Merwe beweer verder "dat eintlike taalkontak teweeggebring word deur die dubbeltalige persoon wat die twee tale afwisselend gebruik" (Van der Merwe, 1970, p.248). Dit is juis hierdie 'dubbeltaligheid' van die vertaler en vakkundige wat by die opstelling van 'n tweetalige terminologielys in gedagte gehou moet word. Omrede daar reeds 'n gevestigde gedagtevloei van term na objek is by sodanige 'dubbeltalige' persone en die verwysings-

/10 .....

raamwerk klaar gevorm is, sal dit heelwat probleme oplewer indien terme omskep en nuut gevorm moet word.

Taalpuriste het egter jare gelede gepoog om sogenoemde taal-vermenging uit te skakel en te vermy. Daarom is daar dan ook enkele jare gelede 'n poging aangewend om die Engelse terme wat in die spoorweë gebruik is, in nuwe Afrikaanse terme te omskep.

Maar "al het 'n kondokter nou kondukteur [illegible] en ganger ploegbaas, is 'n masjinis en 'n enjindrywer nog altyd twee [illegible]rte wesens, so ook wil platform maar nie verdwyn voor pen[illegible]ie, 'n trok bly 'n trok en 'n bogey is ook maar 'n bogey" (Coetzee, 1961, p.24). 'n Doelbewuste 'verafrikaansing' is dus nie altyd so suksesvol as wat die taalpuriste dit wil he nie, en die uiteindelike toets vir terme van hierdie aard is of dit in die volksmond posvat. Dit wil dus voorkom asof terme wat slegs met die oog op taalsuiwerheid geskep is, dikwels onhandig is in die volksmond en gevolglik verval die gebruik daarvan met die verloop van tyd. Wat die kleurterme betref, is daar byvoorbeeld die gebruik van *pienk* in teenstelling met die oorspronklike vertaling van "*pink*" naamlik, *ligroos*. Laasgenoemde het egter so te se verval, en voorkeur is verleen aan *pienk*.

Dit blyk dus uit genoemde voorbeelde dat 'n reeds gevestigde

/11 .....

raamwerk klaar gevorm is, sal dit heelwat probleme oplewer indien terme omskep en nuut gevorm moet word.

Taalpuriste het egter jare gelede gepoog om sogenoemde taal-vermenging uit te skakel en te vermy. Daarom is daar dan ook enkele jare gelede 'n poging aangewend om die Engelse terme wat in die spoorwee gebruik is, in nuwe Afrikaanse terme te omskep.

Maar "al het 'n kondokter nou kondukteur geword en 'ganger ploegbaas, is 'n masjinis en 'n enjindrywer nog altyd twee aparte wesens, so ook wil platform maar nie verdwyn voor perron nie. 'n trok bly 'n trok en 'n bogey is ook maar 'n boggy" (Coetzee, 1961, p.24). 'n Doelbewuste 'verafrikaansing' is dus nie altyd so suksesvol as wat die taalpuriste dit wil hê nie, en die uiteindelike toets vir terme van hierdie aard is of dit in die volksmond posvat. Dit wil dus voorkom asof terme wat slegs met die oog op taalsuiwerheid geskep is, dikwels onhandig is in die volksmond en gevolglik verval die gebruik daarvan met die verloop van tyd. Wat die kleurterme betref, is daar byvoorbeeld die gebruik van pienk in teenstelling met die oorspronklike vertaling van "pink" naamlik, ligroos. Laasgenoemde het egter so te sê verval, en voorkeur is verleen aan pienk.

Dit blyk dus uit genoemde voorbeelde dat 'n reeds gevestigde

/11 .....

verband tussen term en objek van kardinale belang is en dat daar gepoog moet word om dit te behou. Hieroor se Posthumus die volgende: "'n gewenste band tussen term en begrip" is van wesentlike belang (Posthumus, 1956c, p.16). Die korrekte bindingsgedagte moet met ander woorde tussen die linguistieke woordelement en die abstrakte betekenis bestaan.

Wat hierdie projek betref, word daar beslis gepoog om die assosiatiewe verband wat tussen die term en die kleur bestaan, te behou. Ten einde hierdie doelwit na te kom, is daar by die opstelling van die lys kleurterme van letterlike vertalings gebruik gemaak. Alhoewel die Vaktaalburo van die standpunt uitgaan dat nuwe terme verkieslik nie vertaal moet word nie en dat die Engelse konsep waarna die term verwys, liefs 'n nuwe Afrikaanse term moet word, word die letterlike vertaling van terme in hierdie projek as die geskikste vir die behoeftes van die vertaler beskou. Letterlike vertalings is nie net onvermydelik nie, maar dit lei ook outomaties tot internasionale standaardisasie.

Ten spyte van die feit dat die aanvanklike oogmerk met die opstelling van hierdie lys terme nasionale standaardisasie is, is die internasionale standaardisasie tog die uiteindelike doelwit waarna gestreef word. Sodoende word kommunikasie vergemaklik en

/12 .....

ooreenstemmende konsepte verteenwoordig dieselfde betekenis. Hierdie tipe van leenvertaling moet nie gesien word as 'n *bedreiging* vir die taal nie, maar eerder as 'n aanvulling van woordeskat. Posthumus is ook van mening dat daar vanuit 'n "taalpolitieke oogpunt" nie die minste beswaar teen hierdie leenvertalings bestaan nie, mits die eie taal nie daardeur vermink word nie (Posthumus, 1956b,p.21).

Die inter-afhanklike verhouding wat *tussen Engels en Afrikaans* bestaan,gee aanleiding tot die voorkeur wat aan die preskriptiewe metode van opstelling verleen is. Hierdie opstellingsmetode leen hom tot standaardisasie wat soos voorheen genoem is, die doel van die lys verfkleurterme is. Aangesien die kleurterme in hierdie lys oorspronklik in Engels is, en reeds gestandaardiseer is, word daar ook aan die Afrikaanse kant van die lys 'n preskriptiewe metode gevolg. *Daar verskyn dus een Engelse term met slegs een* Afrikaanse term aan die Afrikaanse kant van die lys. Die 'internasionale karakter van die terme' in Afrikaans is nie 'bederf' (Posthumus 1956, p.19) deur die letterlike vertaling en in sommige gevalle spellingsaanpassing nie.

1. Kobaltblou

Cobalt Blue	-	Engels
Bleu de Cobalt	-	Frans

/13 .....

Kobaltblau	-	Duits
Blu di Cobalto	-	Italiaans
Azul de Cobalto	-	Spaans

Die Afrikaanse term se internasionale karakter is behou en is dus maklik herkenbaar.

Na aanleiding hiervan is daar op 'n letterlikevertaalmetode besluit. Die internasionale karakter van die terme word nie slegs behou nie, maar terminologiese verwarring word ook heeltemal uitgesluit.

Die aspek rakende terminologiese verwarring word duidelik uit die volgende voorbeeld:

Sky Blue	-	hemelsblou	(B.V.H.)
		asuur	(B.V.H.)
Cerulean Blue	-	hemelsblou	(B.V.H.)
		hemelsblou	(Terbl.)
		serulefen	(Terbl.)
Azure Cobalt	-	asuur	(B.V.H.)
		hemelsblou	(B.V.H.)
		asuur	(Terbl.)
		hemelsblou	(Terbl.)

Dit blyk dus ook dat die suiwer Afrikaanse woord dikwels 'n

/14 .....

kleurbenaming is wat in die omgangstaal gebruik word en nie 'n term nie. Soos reeds genoem, is daar dan ook vir die doeleindes van hierdie projek 'n onderskeid getref tussen 'n kleurbenaming of omskrywing en 'n kleurterm. In die lys verfkleurterme verskyn die terme wat hierbo genoem is as volg :

Sky Blue	-	Hemelsblou
Cerulean Blue	-	Serulefenblou
Azure Cobalt	-	Asuurkobalt

Dit wil dus uit genoemde voorbeelde blyk dat die resultaat van die letterlikevertaalmetode in hierdie projek, 'n term is en nie 'n kleurbenaming of omskrywing van die kleur nie.

In Afrikaans is daar verskeie maniere waarop nuwe woorde gevorm kan word. Die skepping van nuwe woorde vind plaas as 'n nuwe woord gevorm word sonder dat dit deur bestaande woorde beïnvloed is. Dit is dikwels die geval by klanknabootsing. Daarteenoor is daar woordvorming ; nuwe woorde word gevorm deur middel van samevoegings, afleidings en samestellende afleidings. Volgens Van der Merwe kan "*woordsamevoegings* geskied deur opsetlike, plotselinge samevoeging, of deur geleidelike, onwillekeurige samegroei" (Van der Merwe, 1970, p.117). In hierdie projek kan die Afrikaanse terme as ''n tipe van opsetlike, plotselinge samevoeging' gesien

/15 .....

word, aangesien die 'dele' vertaal is en as een nuwe Afrikaanse begrip weergegee is. Die Afrikaanse spelreëls is egter ook in die meeste gevalle nagekom en die uitsonderings word in die annotasies bespreek.

'n Belangrike aspek wat in hierdie deel van die projek aandag moet geniet, is die verskil tussen kleurterminologiewerk en tegniese of wetenskaplike terminologiewerk. In die wetenskappe soos ingenieurswese, elektronika en selfs die medisyne het die terme meestal 'n Latynse oorsprong wat soms selfs tot in die omgangstaal deursyfer. In die "Afrikaanse Woordelys en Spelreëls" word daar na sodanige woorde as "woorde van klassieke (Griekse of Latynse) herkoms" verwys (Taalkommissie, 1964, p.16). Dit sluit byvoorbeeld woorde in soos hippopotami, himne en centumviri. So ook is daar gastroënteritis, geologie en amourees wat van Latynse woorde afgelei is. Die meeste van hierdie terme verwys na of dui op 'n konkrete objek, 'n geestestoestand of selfs 'n natuurverskynsel. Dit is relatief makliker om so 'n term te vertaal of te verafrikaans. Of 'n vonkprop in Engels nou 'n 'spark plug' en in Duits 'n 'Zündkerze' is, almal weet presies waarna dit verwys.

By die opstelling van hierdie lys is daar egter gevind dat daar weinig kleurterme is wat direk na 'r konkrete voorwerp verwys. En die terme wat wel na 'n konkrete voorwerp verwys, verwys dikwels

/16 .....

na minder bekende objekte:

I. Rose Madder = Roosmeekrap
Dit verwys na die wortel van die meekrapplant wat in die bereiding van die verf gebruik word en wat 'n besonderse rooi kleur aan die verf verleen.

II. Indo Orange Red = Indogeenoranjerooi
In hierdie geval is "indo" afgelei van "indogen" wat die naam is vir die $C_6H_4<^{CO}_{NH}>C$ -verbinding. Dit is die dubbel-molekule waarvan die di-indogeen die indigoblou voorstel.

Dit het uit die navorsing wat vir hierdie terminologie-vertaal-projek gedoen is,duidelik geword dat daar dikwels in tegniese *terminologiewerk* nuwe terme 'geskep' word. As daar byvoorbeeld na die Rekenaarwoordeboek gekyk word wat in 1985 deur Coetzee, Du Plooy en Cluver uitgegee is, *is dit veral die skepping van* nuwe Afrikaanse terme wat opvallend is.

burn-in	-	inloop
spaghetti program	-	mossienesprogram
trie	-	herwinboom
pixel	-	beeldelement
logic-seeking	-	*kortpadsoekend*

/17 .....

Dit blyk hieruit dat die nuwe Afrikaanse terme wat geskep is, nie eintlik veel verband hou met die oorspronklike Engelse terme nie. Alhoewel vakkennis en oorspronklike denke uit van die voorbeelde duidelik is, is daar glad nie aan van die basiese terminologiese vereistes voldoen nie, en dit is dat 'n nuwe term so ver as moontlik 'n internasionale karakter behoort te hê.

/18 .....

DEEL II

KLEURBENAMINGS EN KLEURTERME

Algemene Oorsig

In hierdie algemene oorsig word daar aandag geskenk aan enkele studies wat gedoen is betreffende kleur, kleurpersepsie en 'n omskrywing van die betrokke gebied wat vir hierdie projek van belang is.

'n Besondere interessante studie oor die kleure in die Ou Testament is deur Roland Gradwohl gedoen, naamlik "Die Farben im Alten Testament". In sy werk het hy tot die gevolgtrekking gekom dat daar kleurterme bestaan het vir : rooi, geel-groen, wit en swart. Hiervan is rooi die meeste genoem en beskryf (Gradwohl, 1963, p.95).

Alhoewel die mens tussen verskillende skakerings van 'n kleur kan onderskei, is dit baie moeiliker om skakerings te onthou as wat dit is om voorwerpe te onthou. Volgens Vernon is daar 'n groot struikelblok wat betref die 'name' van kleure (kleurterme word hier in die sin van kleurbenamings gebruik). Daar bestaan 'n nedelike gebrek aan algemeen aanvaarde kleurterme en gevolglik is

/19 .....

slegs 8 in algemene gebruik - rooi, pienk, oranje, geel, groen, blou, pers en bruin (Vernon, 1975, p.68).

Vernon toon aan dat die Fijiane byvoorbeeld dieselfde woord het vir blou en groen, maar 'n ander woord gebruik as hulle na die plantegroei verwys, wat 'groen word' (Vernon, 1975, p.69).

Berlin en Kay het 'n omvattende studie oor kleurterme gedoen, waarin hulle onder meer van die standpunt uitgaan dat die mens se persepsie van kleur 'n universele proses is, met ander woorde dat 'n prototipe kleur bestaan. Alhoewel hulle elf basiese kleure aanduï, maak hulle dit duidelik dat sommige bevolkings se taalontwikkeling nie al elf insluit nie. Die elf kleure behels : wit, swart, rooi, groen, geel, blou, bruin, pers, pienk, oranje en grys. Hulle beweer verder dat die plasing van kleure in kategoriee en die totale terrein van basiese kleunterme soortgelyk is in alle tale. 'n Woord het gewoonlik betekenis en of 'n aanduidingseienskap of verwysingseienskap. Indien Berlin en Kay korrek is, en die prototipe-teorie van die linguistiek op kleurterme van toepassing is, sal alle mense dieselfde kleur, op presies dieselfde wyse waarneem. Daar moet egter in ag geneem word dat daar miljoene kleurskakerings bestaan en alhoewel 'n kleurterm in verskillende tale ooreenstem, is dit taamlik onwaarskynlik dat dit na presies dieselfde skakering verwys.

/20 .....

Berlin en Kay wys op 'n moontlike verband wat tussen die kompleksiteit van 'n kultuur (en/of die vlak van tegnologiese ontwikkeling) en die kompleksiteit van hul kleurwoordeskat bestaan. Cummins en Williamson is egter daarvan oortuig dat die ontwikkelingspeil van 'n beskawing wel 'n rol speel in die benaming van kleure (*Cummins en Williamson, 1983, p.13*). Hierdie studies is op die basiese elf kleure gebaseer, en net om aan te toon dat daar 'n magdom kleure is, kan daar gekyk word na Albert Munsell se kleuratlas. Hy het in 1905 'n kleuratlas saamgestel wat later as die "Munsell Book of Colour" bekend gestaan het (Cummins en Williamson, 1983,p.50). Hierdie stelsel omvat meer as 1 500 kleurmonsters. Dit was onmoontlik om al die kleure wat bestaan het, by hierdie werk in te sluit, aangesien daar ongeveer 10 miljoen kleure en kleurskakerings is wat vir die normale waarnemer sigbaar is (Cummins en Williamson, 1983, p.50). Benewens die Munsell-stelsel het Oswald ook 'n kleurstelsel ontwikkel; beide hierdie stelsels het tekortkominge gehad, en aan die begin van die eeu het die behoefte aan 'n meer betroubare stelsel ontstaan. Die C.I.E. (Commission Internationale d'Eclairage) is toe afgevaardig om 'n nuwe stelsel te ontwerp.

Die waarneming van kleur word deur verskeie faktore beïnvloed, en enkele bepalende aspekte wat van belang is, behoort daarom bespreek te word.

/21 .....

Indien die oog op 'n visuele stimulus gefokus word en die stimulus word verwyder en deur 'n neutrale wit beeld of oppervlak vervang, word 'n negatiewe beeld op die wit agtergrond gesien. Hierdie verskynsel staan bekend as 'n nabeeld (Dondis, 1973, p.52). Die negatiewe beeld of te wel nabeeld van 'n kleur lewer die kleur se komplimentêre kleur of die presiese teenoorgestelde kleur op. As daar byvoorbeeld na 'n geel oppervlak gekyk word, sal die nabeeld daarvan pers wees en so sal die nabeeld van rooi groen wees (Dondis, 1973, p.52).

Kleure beïnvloed mekaar ook op so 'n wyse dat die kontras tussen hulle verhoog word. Die oppervlakte direk langsaan 'n blou oppervlak sal gelerig vertoon en indien 'n grys oppervlak deur 'n diep of donker gekleurde oppervlak omring word, sal die grys lyk asof dit 'n skakering van die komplementêre kleur is (Vernon, 1975, p.72). Hierdie effek staan bekend as opeenvolgende of gelyktydige teenstelling. Dit is dus duidelik uit die twee belangrike verskynsels wat by kleurwaarneming plaasvind, dat kleure nie afsonderlik waargeneem kan word en op hierdie wyse geëvalueer kan word nie. In hierdie projek is die verfkleurterme wat in die lys verskyn, afsonderlik (dit wil sê sonder inagneming van die effek van gelyktydige teenstelling) en na aanleiding van hul oorsprong vernoem. As 'n kleur soos byvoorbeeld "Orange Lake" geneem is en 'n sekere hoeveelheid wit bygevoeg is om dit ligter te maak, word

/22 .....

dit "Orange Lake Light" genoem.

Daar is basies twee hoofkategorieë vir kleure. Die eerste basiese groep bevat die kleure rooi, geel, groen, blou, wit en swart. Die indeling van kleure moet nie met die indeling van kleure in primêre en sekondêre klasse verwar word nie. Die kleure wat hierbo genoem is, verteenwoordig dikwels objekte met dieselfde kleur en is daarom ook dikwels oorspronklik van die objekte afgelei. So kan die ontwikkeling van rooi byvoorbeeld teruggevoer word na die woord wat gebruik is om bloed te beskryf. Swart daarteenoor kan in die woord wat donker en nag beteken, gevind word.

Die kleure wat in die tweede groep ingedeel word, is kleure soos grys, bruin, oranje, pers, goud en indigo (Kornerup en Wanscher, 1981, p.139). Na gelang die behoefte na meer kleure ontstaan het, het 'n verdere groep ontwikkel. Die groep wat as 'n onderafdeling van die tweede groep beskou kan word, sluit volgens Kornerup en Wanscher die kleure in wat van elemente in die natuur of van mensgemaakte produkte afgelei is.

1. Kleurterme wat afgelei is van die flora:
   appelkoosoranje, lemmetjiegeel
2. Kleurterme wat afgelei is van minerale:
   koper, staalgrys

/23 .....

3. Kleurterme wat afgelei is van mensgemaakte produkte:
   sjokoladebruin, bottelgroen
4. Kleurterme wat afgelei is van die fauna:
   muisgrys, kanariegeel
5. Kleurterme wat afgelei is van geografiese name
   Napelsgeel, Berlynsblou
6. Kleurterme wat afgelei is van natuurverskynsels;
   vuurrooi, hemelsblou
7. Kleurterme wat afgelei is van diverse onderwerpe:
   infrarooi, kalipsorooi
   (Kornerup; Wanscher, 1981, p.139)

Hierdie kleurkategorieë is nie presies dieselfde as dié waarvolgens die kleure in hierdie projek bespreek word nie, maar is wel van belang omdat dit 'n basis vorm vir die klassifisering van kleurterme. Daar moet egter genoem word dat Kornerup en Wanscher nie 'n onderskeid tref tussen kleurterme, kleurbenamings of kleuromskrywings nie.

Die kleure wat in hierdie lys kleurterme opgeneem is, kan as volg *geklassifiseer word.*

1. Stede en lande (dit sluit ook landsgebiede in):
   'n kleur word dikwels na die stad waar dit vir die eerste keer uitgevind of gebruik is, vernoem.

/24 .....

Pruisiesblou - so genoem omdat dit deur 'n kleure=
maker, Diesbach, in Berlyn vir die
eerste keer gemeng is.

Parmaviolet - vernoem na die plant *viola parmen=
sis* wat in Parma, Noord-Italië,
voorkom.

2. Persone:

Van Dyck-bruin vernoem na die Vlaamse skilder Anto=
nius van Dyck wat die kleur bruin
dikwels gebruik het.

3. Metale, minerale en chemiese elemente:

Kleure word dikwels uit 'n oksied van die groep ge=
neem om 'n spesifieke kleur te meng.

Chroomgeel

Titaanwit

4. Plantaardige of dierlike-stowwe:

Skarlaken - 'n kleur verkry deur 'n Meksikaanse
gogga te maal.

Meekrap - 'n rooierige kleur wat van die mee=
krapwortel verkry word.

Die aard en oorsprong van die Engelse terme in hierdie lys terme het 'n belangrike rol gespeel in die vertaling van die kleurterme in Afrikaans. Veral die gebruik van die adjektiewe in die Engel=

/25 .....

se terme was problematies en gevolglik moes 'n deeglike studie na die samestelling van die terme gedoen word. Die adjektiewe is soms predikatief, soms attributief of in sommige gevalle predikatief en attributief gebruik. Daar word 'n onderskeid getref tussen die funksies wat die adjektiewe kan vervul, aangesien 'n selfstandige naamwoord dikwels as adjektief optree, soos byvoorbeeld "Cadmium Green Pale". "Green" is die selfstandige naamwoord, "Cadmium" is ook 'n selfstandige naamwoord, maar kwalifiseer die basisstof wat gebruik is om die groen te meng en "Pale" kwalifiseer die tipe groen, nl bleek. Die kleurterm as sulks kan ook as adjektief en selfstandige naamwoord optree, byvoorbeeld:

Groen is my gunsteling kleur.

Die gras is groen.

Dit was dus noodsaaklik om die samestelling van die kleure of te wel verwe te ontleed voordat die kleurterm vertaal is. Dieselfde probleem is ondervind met "Cadmium Red Deep" en "Cadmium Yellow Deep".

In die geval van "Chrome Deep" is dit vertaal as "diepchroom". Aangesien die kleur in die geelkleurgroep val, is dit nie nodig om dit te omskryf nie. Die gebruik van diep vir "deep" spruit daaruit dat donker vir "dark" gebruik is. "Dark" dui daarop dat die kleur se chromatiese of kleurwaarde hoog is. Dit is met

/26 .....

ander woorde 'n intense of sterk kleur. Donker daarenteen word gebruik as 'n teenstelling van lig. 'n Kleur word dus as donker beskryf as dit min lig reflekteer en daarom 'donker lyk'. Die term "Pale" word vertaal as bleek omdat dit aanduí dat die kleur neig na wit en gevolglik min kleur bevat. Dit verduidelik dus die vertaling van "Cadmium Yellow Deep" as Diepkadmiumgeel en "Cadmium Yellow Pale" as Bleekkadmiumgeel.

In die geval van "Naphthol Red Light", "Naphthol Crimson" en "Naphthol Scarlet" was dit nodig om uit te vind dat "Naphthol" afgelei is van "Naphtha'ene" (naftaleen). Naftaleen is 'n wit kristalagtige stof wat verkry word as 'n produk by die distillasie van koolteer. En dit is die produk wat as 'n pigment in die vermenging van die kleure gebruik word. Aangesien naftol die 'basis' van die term en kleur is, bepaal dit die vorm van die nuwe Afrikaanse terme. Die Afrikaanse verfkleurterme lyk gevolglik so. Naftolkarmosyn, Lignaftolrooi en Naftolskarlaken.

Die chemiese stof wat die 'basis' van die term uitmaak, verskyn dus as 'n tipe van 'kwalifiseerder' voor die kleur self. Dieselfde geld in die geval van "Turquoise Titanate". Die gewone "Turquoise Blue" is 'n kleur wat gemaak word van 'n mengsel van chloorkoperftalosianien- en koperftalosianienkleurstowwe. Die "Turquoise Titanate" bevat 'n bepalende hoeveelheid titanaat (titaansuursout)

/27 .....

en gevolglik word die chemiese stof die toonaangewende adjektief in die term.

Turquoise Blue - Turkooisblou
Turquoise Titanate - Titanaatturkoois

Die aard van die kleure "Mauve Blue Shade" en "Mauve Red Shade" het ook bepaal wat die vertaalde Afrikaanse terme sou wees. In beide terme is "Mauve" die selfstandige naamwoord. Die tweede deel van die term bestaan uit twee woorde, maar vorm een adjektief nl. "Blue Shade". Die Blouskakeringmauve bevat byna dieselfde chemiese stowwe as Rooiskakeringmauve, met die verskil dat die eersgenoemde kleur kinakridoonpigmente bevat wat aan die kleur 'n meer blou voorkoms verleen. Beide 'kwalifiseerders' van Mauve verskyn dus voor die naamwoord.

Uit hierdie voorbeelde is dit dus duidelik dat die aard en oorsprong van die Engelse verfkleurterme die Afrikaanse terme bepaal. Dit is duidelik uit die terme hierbo dat daar 'n groot ooreenkoms bestaan tussen wetenskaplike terminologie en die terminologie wat in hierdie projek verskyn. Daar was om hierdie rede ook geen ander uitweg as om die terme letterlik te vertaal nie. Aangesien die Engelse kleurterme so eksplisiet van aard is, het die direktevertaalmetode tot presiese ekwivalente Afrikaanse terme aanleiding gegee.

/28 .....

Dit blyk uit hierdie bespreking dat die toekenning van name aan kleure nie blote toeval is nie en dat daar definitiewe riglyne is. Die rol van kleurwaarneming en die ontwikkeling van kleurterme speel vandag nog 'n belangrike rol in die analisering van kleurterme. Die feit dat kleure in kategorieë ingedeel kan word, dui ook daarop dat kleurterminologie besig is om in 'n vakgebied van sy eie te ontwikkel.

/29 .....

VOORWOORD

Hierdie lys Engels-Afrikaanse verfkleurterme is veral vir die vertaler opgestel.

Verfkleurterme word gewoonlik volgens kleurgroepe ingedeel en verskyn ook op hierdie wyse in brosjures. In hierdie lys is die kleure egter alfabeties geordeen om die vertaler se taak te vergemaklik en omdat geen kleurkaarte ingesluit is nie. Elke 'groep' woorde verteenwoordig slegs een term en gevolglik is die indeling ook streng alfabeties volgens die eerste letter van die term. Daar verskyn slegs een ekwivalente Afrikaanse term vir elke Engelse term.

Die lys terme bevat slegs verfkleurterme wat in die skone kunste gebruik word. Kleurterme wat kom- eslleel van aard is, byvoorbeeld modekterme dikwels verander en inkonsekwenthede voorkom. Ink- en pastel kleurterme is ook nie in die lys ingesluit nie. Aangesien al die verfkleurterme in Engels met hoofletters geskryf word, is daar besluit om die Afrikaanse terme ook met hoofletters te skryf.

/30 .....

A

Alizarin Crimson	Alisarienkarmosyn
Alps Red	Alpse Rooi
Antwerp Blue	Antwerpenblou
Aureolin	Aureolien
Aurora Yellow	Aurorageel
Azure Cobalt	Asuurkobalt

B

Bengal Rose	Bengaalsroos
Blue Black	Blouswart
Bordeaux	Bordeaux
Bright Aqua Green	Helderakwagroen
Bright Red	Helderrooi
Brilliant Blue	Glansblou
Brilliant Blue Purple	Glansbloupers
Brilliant Orange	Glansoranje
Brilliant Purple	Glanspers
Brilliant Ultramarine	Glansultramaryn[1]
Brilliant Yellow	Glansgeel
Brilliant Yellow Green	Glansgeelgroen
Bronze Yellow	Bronsgeel
Brown Madder (Alizarin)	Bruin-meekrap (Alisarien)[2]
Burnt Amber	Gebrande Omber
Burnt Sienna	Gebrande Sienna



C

Cadmium Green	Kadmiumgroen
Cadmium Green Pale	Bleekkadmiumgroen
Cadmium Lemon	Kadmiumsuurlemoen
Cadmium Orange	Kadmiumoranje
Cadmium Red	Kadmiumrooi
Cadmium Red Deep	Diepkadmiumrooi
Cadmium Scarlet	Kadmiumskarlaken
Cadmium Yellow	Kadmiumgeel[3]
Cadmium Yellow Deep	Diepkadmiumgeel
Cadmium Yellow Pale	Bleekkadmiumgeel
Carbon Black	Koolswart
Carmine	Karmyn
Carthamus Pink	Kartamuspienk
Cassel Earth	Kasselaarde
Cerulean Blue	Serulelenblou[4]
Charcoal Grey	Houtskoolgrys
Chinese Blue	Chineesblou[5]
Chinese Orange	Chineesoranje
Chinese White	Chineeswit
Chrome Deep	Diepchroom[6]
Chrome Green	Chroomgroen
Chrome Green Deep	Diepchroomgroen

/33 .....

Chrome Green Light	Ligchroomgroen
Chrome Lemon	Chroomsuurlemoen
Chrome Orange	Chroomoranje
Chrome Yellow	Chroomgeel
Cinnabar Green	Sinnabergroen[7]
Cobalt Blue	Kobaltblou
Cobalt Blue Deep	Diepkobaltblou
Cobalt Green	Kobaltgroen
Cobalt Green Deep	Diepkobaltgroen
Cobalt Turquoise	Kobaltturkoois
Cobalt Violet	Kobaltviolet
Cobalt Violet Dark	Donkerkobaltviolet
Cobalt Yellow	Kobaltgeel
Copper	Koper
Gremnitz White	Kremswit
Crimson Lake	Karmosynlak[8]
Cyan Blue	Siaanblou
Cyprus Green	Ciprusgroen

/34 .....

D

Davy's Gray	Davygrys
Dior Purple	Dioksiedpers[9]

/35 .....

E

Emerald Oxide of Chromium	Smaragchroomoksied
Emeraude Green	Smaraggroen
English Red	Engelse Rooi

F

Flake White no.1	Loodwit no.1
Flake White no.2	Loodwit no.2
Flame Red	Vlamrooi
Flesh Tint	Vleestint
Foundation White	Fondamentwit
French Blue	Franse Blou
French Ultramarine	Franse Ultramaryn

/37 .....

Gamboge	Geelgom
Geranium Lake	Geraniumlak
Geranium Lake Pale	Bleekgeraniumlak
Geranium Red Pale	Bleekgeraniumrooi
Golden Yellow	Goudgeel
Gold Ochre	Goudoker
Grenadine	Grenadine
Grey no.1	Grys no.1
Grey no.2	Grys no.2
Grey no.3	Grys no.3
Grey no.4	Grys no.4
Grey Pale	Bleekgrys

/38 .....

G

Gamboge	Geelgom
Geranium Lake	Geraniumlak
Geranium Lake Pale	Bleekgeraniumlak
Geranium Red Pale	Bleekgeraniumrooi
Golden Yellow	Goudgeel
Gold Ochre	Goudoker
Grenadine	Grenadine
Grey no.1	Grys no.1
Grey no.2	Grys no.2
Grey no.3	Grys no.3
Grey no.4	Grys no.4
Grey Pale	Bleekgrys

/38 .....

H

Harrison Red	Harrisonrooi
Havannah Lake	Havanalak[12]
Hooker's Green Dark	Donker-Hookergroen[13]
Hooker's Green Light	Lig-Hookergroen

I

Ice Blue	Ysblou
Indanthrene Blue	Indantreenblou
Indian Red	Indiaansrooi
Indian Yellow	Indiaansgeel
Indigo	Indigo
Indo Orange Red	Indogeenoranjerooi
Iridescent Bronze	Iriserende Brons
Iridescent Copper	Iriserende Koper
Iridescent Gold	Iriserende Goud
Iridescent Pewter	Iriserende Piouter
Iridescent Silver	Iriserende Silwer
Iridescent White	Iriserende Wit
Ivory Black	Ivoorswart

/40 .....

Ice Blue	Ysblou
Indanthrene Blu	Indantreenblou
Indian Red	Indiaansrooi
Indian Yellow	Indiaansgeel
Indigo	Indigo
Indo Orange Red	Indogeenoranjerooi
Iridescent Bronze	Iriserende Brons
Iridescent Copper	Iriserende Koper
Iridescent Gold	Iriserende Goud
Iridescent Pewter	Iriserende Piouter
Iridescent Silver	Iriserende Silwer
Iridescent White	Iriserende Wit
Ivory Black	Ivoorswart

/40 .....

J

Jaune Brillant Glansjaune[14]



/41 .....

L

Lamp Black	Lampswart
Leitch's Blue	Leitchblou
Lemon Yellow	Suurlemoengeel
Light Portrait Pink	Ligportretpienk
Light Purple	Ligpers
Light Red	Ligrooi
Linden Green	Lindegroen

/42 .....

M

Madder Lake Deep	Diepmeekraplak
Madder Red	Rooimeekrap
Magenta	Magenta[15]
Manganese Blue	Mangaanblou
Marigold Yellow	Goudblomgeel
Mars Black	Marsswart[16]
Mars Brown	Marsbruin
Mars Orange	Marsoranje
Mars Red	Marsrooi
Mars Violet	Marsviolet
Mars Yellow	Marsgeel
Mauve	Mauve
Mauve Blue Shade	Blouskakeringmauve
Mauve Red Shade	Rooiskakeringmauve
May Green	Meigroen
Mimosa Yellow	Mimosageel
Mineral Blue	Mineraalblou
Mineral Violet	Mineraalviolet
Mistletoe Green	Mistelgroen
Myosotis Blue	Myosotisblou[17]

/43 .....

N

Naphthol Crimson	Naftolkarmosyn
Naphthol Red Light	Lignaftolrooi
Naphthol Scarlet	Naftolskarlaken
Naples Yellow	Nagelsgeel
Neutral Tint	Neutraaltint
New Blue	Nuwe Blou
New Gamboge	Nuwe Geelgom

/44 .....

O

Olive Green	Olyfgroen
Opaque Oxide of Chromium	Opaak-chroomoksied
Orange Lake Deep	Dieporanjelak
Orange Lake Light	Ligoranjelak
Orient Yellow	Oostersgeel
Oxford Ochre	Oxford-oker
Oxide of Chromium	Chroomoksied

/45 .....

Pale Gold	Bleekgoud
Paris Blue	Parysblou
Parma Violet	Parmaviolet
Payne's Grey	Paynegrys
Peacock Blue	Poublou
Periwinkle Blue	Alikreukelblou
Permanent Blue	Permanentblou
Permanent Crimson	Permanentkarmosyn
Permanent Green	Permanentgroen
Permanent Green Deep	Dieppermanentgroen
Permanent Green Light	Ligpermanentgroen
Permanent Green Middle	Permanentmiddelgroen
Permanent Magenta	Permanentmagenta
Permanent Rose	Permanentroos
Permanent Violet	Permanentviolet
Permanent White	Permanentwit
Permanent Yellow	Permanentgeel
Phthalocyanine Blue	Ftalosianienblou
Phthalocyanine Green	Ftalosianiengroen
Prism Violet	Prismaviolet
Prussian Blue	Pruisiesblou
Prussian Green	Pruisiesgroen

/46 .....

Purple Lake	Persläk
Purple Madder (Alizarin)	Persmeekrap (Alisarien)

R

Raw Sienna	Rou Sienna
Raw Umber	Rou Umber
Red Oxide	Rooioksied
Rich Gold	Rykgoud
Rose Carthame	Kartaamsroos
Rose Carthamus	Kartamusroos
Rose Doré	Roos Doré[19]
Rose Madder (Alizarin)	Roosmeekrap (Alisarien)
Rose Madder Deep	Dieproosmeekrap
Rose Madder Genuine	Egte Roosmeekrap
Rose Malmaison	Malmaisonroos
Rose Tyrien	Tirusroos[20]
Rowney Emerald	Rowneysmarag

/48 .....

S

Sap Green	Sapgroen
Saturn Red	Saturnusrooi
Scarlet Lake	Skarlakenlak
Scarlet Red	Skarlakenrooi
Scarlet Vermillion	Skarlakenvermiljoen
Sepia	Sepia[21]
Silver White	Silwerwit
Sky Blue	Hemelsblou
Solferino	Solferino
Spectrum Red	Spektrumrooi
Spectrum Violet	Spektrumviolet
Spectrum Yellow	Spektrumgeel
Steel	Staal

/49 .....

T

Terra Rosa	Terra Rosa
Terre Verte	Terre Verte
Titanium White	Titaanwit
Transparent Gold Ochre	Deurskynende Goudoker
Transparent Oxide of Chromium	Deurskynende Chroomoksied
Turner's Yellow	Turnergeel
Turquoise Blue	Turkoisblou
Turquoise Titanate	Titanaatturkoois

U

Ultramarine Ash Blue	Asblou-ultramaryn
Ultramarine Deep	Diepultramaryn
Ultramarine Genuine	Egte Ultramaryn
Ultramarine Light	Ligultramaryn

V

Vandyke Brown	Vandyckbruin
Venetian Red	Venesiaansrooi
Vermillion	Vermiljoen
Veronese Green	Veroneesgroen
Violet Carmine	Karmynviolet
Viridian	Viridien[22]
Viridian Lake	Viridienlak
Vivid Lime Green	Skerplemmetjiegroen
Vivid Red Orange	Skerprooi-oranje

W

Warm Sepia	Warm Sepia
Winsor Blue	WinsorBlou
Winsor Emerald	Winsorsmarag
Winsor Green	Winsorgroen
Winsor Lemon	Winsorsuurlemoen
Winsor Orange	Winsororange
Winsor Red	Winsorrood
Winsor Violet	Winsorviolet
Winsor Yellow	Winsorgeel

/53 .....

Yellow Medium, Azo	Mediumgeel, asokleurstof[23]
Yellow Ochre	Geeloker
Yellow Ochre Pale	Bleekgeeloker
Yellow Orange, Azo	Geeloranje, asokleurstof
Yellow Oxide	Geeloksied

/54 .....

Zinc White Sinkwit

Zinc Yellow Sinkgeel

/55 .....

ANNOTASIES TOT DIE LYS

By die vertaling van die Engelse kleurterme is dit van wesentlike belang dat die grondreëls van Afrikaans te alle tye in gedagte gehou moet word. Daar moet ook sover moontlik gepoog word om die Afrikaanse spelreëls na te kom. In sommige gevalle het dit egter probleme opgelewer wat tot uitsonderings aanleiding gegee het. Voordat spesifieke problematiese terme bespreek word, word daar eers aandag geskenk aan die algemene probleme wat by die opstelling van hierdie lys ondervind is.

Die skryfwyse van woorde

Indien twee of meer woorde saam hoort om een 'begrip' aan te dui, word die woorde dikwels vas geskryf. Dit is die betekeniseenheid wat as bepalend beskou word; daar is byvoorbeeld 'n verskil tussen 'n dam water en damwater. En so ook is daar 'n verskil tussen Rooimeekrap en Rooi Meekrap.

- Rooimeekrap = Madder Red
  Rooimeekrap is 'n spesifieke kleur
- rooi meekrap
  met ander woorde 'n meekrap wat nie pienk is nie, maar wel rooi.

/56 .....

Daar word verder ook in die "Afrikaanse Woordelys en Spelreëls" aangedui dat "verbindinge van byvoeglike naamwoorde wat kleure benoem, (word) meestal vas geskrywe word, bv. blouskilder, blouvaal, ligvos, rooibont en vaalgrys" (Taalkommissie, 1964, p.44).

Die vasskrywe van woorde wat een begrip verteenwoordig, het egter ook ander probleme opgelewer bv.

Hooker's Green Light - Lig-Hookergroen
Hooker's Green Dark - Donker-Hookergroen

Streng gesproke moes dit as volg lui: ligHookergroen en diepHookergroen, maar 'n hoofletter in die middel van 'n woord is beslis ontoelaatbaar.

Die annotasies in verband met die spesifieke terme word alfabeties gedoen om sodoende die kruisverwysings na die terme te vergemaklik.

/57 .....

1. Brilliant Ultramarine : Glansultramaryn

"Ultramarine" word dikwels as lasuurblou en ultramaryn vertaal. Daar is op laasgenoemde besluit aangesien lasuurblou nie 'n kleurterm is nie, maar wel 'n kleuromskrywing. Die korrekte vertaling van "brilliant" het egter heelwat probleme opgelewer. "Brilliant" word vertaal as briljant, maar die woord het ook verskeie ander konnotasies soos 'n briljante djamant en 'n briljante student. Terblanche vertaal egter in sy Tegniese Woordeboek Brilliant-Citron as Glanssitroen. Hierdie vertaling blyk aanvaarbaar te wees aangesien die "brilliant" verwys na die hoeveelheid wit wat in 'n kleur is. Logies gesproke kan dit dus verklaar word dat hoe 'witter' 'n kleur vertoon, des te hoër is die 'glans' daarvan. Na analogie van hierdie voorbeeld is "brilliant" reg deur die lys as glans vertaal. "Brilliant Ultramarine" is dus "Glansultramaryn".

2. Brown Madder (Alizarin) : Bruin-meekrap (Alisarien)

Die vertaling van "madder" het tot verskeie moontlikhede aanleiding gegee. Die terme wat gevind is, was turksrooi, krapwortel en meekrap. Meekrap is die tegniese benaming vir "madder". Die krapwortel is die naam van die plant waarvan die wortel geneem word om 'n kleursel vir verf te maak (SOED).

/58 .....

Alhoewel meekrap ietwat vreemd voorkom, deurstaan dit die toets van 'terugvertaling'. Die vertaling 'turksrooi' sou tot heel= wat verwarring aanleiding gegee het;so sou "Madder Red" by= voorbeeld n turksrooi gewees het.

Die feit dat alisarien in die term verskyn, dui daarop dat die spesifieke kleur nie met die wortel van die plant vermeng is nie, maar wel 'n sintetiese namaaksel is wat in 'n sekere mate ooreenstem met die kleure wat egte meekrap bevat.

3. Cadmium Yellow : Kadmiumgeel

Volgens WAT is Kadmiumgeel en Auroragéel dieselfde. Kadmium= geel word egter vermeng van kadmiumswael terwyl auroragéel 'n suiwer kadmiumswael is. Verder is die naam aurora afgelei van die Latynse woord wat ooste beteken.

4. Cerulean Blue : Seruleënblou

Die voorbeeld is reeds vroeër volledig bespreek.

Sky Blue - hemelsblou
Cerulean Blue - hemelsblou
hemelsblou
seruleen

/59 .....

Azure Cobalt - asuur
hemelsblou
asuur
hemelsblou

5. Chinese Blue : Chineesblou

Daar het 'n paar onreëlmatighede opgeduik met die vertaling van al die kleurterme waarin 'Chinese' voorkom. In sommige gevalle is dit vertaal as 'chinees' en in ander as 'Chinese'. Aangesien die doel van hierdie lys die standaardisering van kleurterme is, is al hierdie tipe kleurterme vertaal as Chinees (en dan die kleur).

6. Chrome Deep : Diepchroom

In die meeste van die Engelse kleurterme verskyn die adjektiewe na die 'selfstandige naamwoord' of te wel kleur. Dit is na aanleiding van die Franse gebruik waar die adjektiewe na die selfstandige naamwoord geskryf word. Indien daar twee of meer adjektiewe is, verskyn hulle in volgorde van belangrikheid; die belangrikste adjektief kom dan ook eerste, dit wil sê voor die naamwoord geskryf word.

/60 .....

In Afrikaans word die adjektiewe van kleurterme egter voor die naamwoord of kleur geskryf. Die resultaat is dus : Diep-chroom.

In die geval "Chrome Green-Deep" is die Afrikaanse vertaling daarvan Diepchroomgroen.

7. Cinnabar Green : Sinnabergroen.

"Cinnabar" word vertaal as Vermiljoenrooi en Sinnaber. Daar word voorkeur verleen aan Sinnaber aangesien dit nie net die tegniese term is nie, maar ook terugverwys na die kleur van die mineraal, of te wel swaelkwik wat 'n rooierige skynsel kan he.

8. Crimson Lake : Karmosynlak.

Indien hierdie term vertaal word, kom 'n mens voor 'n interessante verskynsel te staan. Die vertaler kan by die vertaling van "Crimson Lake" 'n groot flater begaan indien "Lake" as karmosynverf vertaal word, omrede die vertaling van "Crimson Lake" dan karmosynkarmosynverf sal wees. "Lake" impliseer dat die verf 'n tipe lakverf is en die tegniese term is dus net lak.

/61 .....

9. Diox Purple : Dioksiedpers

Na analogie van die ander internasionale terme wat ook vanuit die Engels vertaal is, is dioksiedpers as die finale vertaling aanvaar.

Duits : dioxyd-lila

Frans : poupre diox

Italiaans : purpura de dioxido

10. Flake White : Loodwit

Hierdie is een van die min uitsonderings wat in die lys voorkom, gesien die Afrikaanse term nie 'n letterlike vertaling van die Engelse term is nie. Dit was haas onmoontlik om "Flake White" as vlokwit te vertaal aangesien "Flake" nie na 'wit soos sneeu' of dan 'n sneeuvlokkie verwys nie, maar na die lood wat die basis vir hierdie verf. In teenstelling met Kremswit "Cremnitz White" wat geen sinkoksied bevat nie, bevat hierdie witverf 'n klein persentasie sinkoksied.

11. Geranium Lake Pale : Bleekgeraniumlak

In hierdie geval is "geranium" nie as malva vertaal nie, omrede die term uit die Latyns Geranium Sanguineum afgelei is.

/62 .....

Die Latynse vorm van die woord is dus behou. "Pale" is vertaal met bleek, aangesien "light" vertaal is met 'lig'.

12. Havannah Lake : Havanalak

"Havannah" in hierdie kleurterm verwys nie na die stad Havane nie, maar na die oorsprong van die kleur wat afkomstig is van gebrande been.

13. Hooker's Green Dark : Donker-Hookergroen

Hierdie term het probleme opgelewer met die spelling van die Afrikaanse term. Ten einde die Afrikaanse spelreëls na te kom, moes 'n koppelteken tussen donker en Hooker geplaas word. Die spelling lyk vreemd, maar was die enigste uitweg wat gevolg kon word om nie van die vasgestelde spelreëls af te wyk nie.

14. Jaune Brilliant : Glansjaune

Jaune beteken 'geelheid'. "Jaune Brilliant" kon nie as glans=geel vertaal word nie aangesien die kleurterm "Brilliant Yellow" as sodanig vertaal is. Daar is besluit om die oor=spronklike Franse term "Jaune" te behou en slegs glans by te voeg.

/63 .....

15. Magenta : Magenta

Magenta is net so in Afrikaans gehou, omdat dit die kleur is wat vir die eerste keer in 1859 gemaak is. Dit is ook die jaar toe Frankryk Oostenryk by die Slag van Magenta verslaan het.

16. Mars Black : Marsswart

Al die kleurterme met 'mars' is afgelei van die ysteroksied wat vir die kleur gebruik is. Die groep sluit gewoonlik al die kleure en pigmente in wat uit klei bereï is en dan met die ysteroksied gekleur is.

17. Myosotis Blue : Myosotisblou

Die kleurterm is afgelei van die Latynse naam vir die 'vergeet-my-nietjie-plant' of te wel die blom daarvan, die myosotis palustris. Die Latynse woord is net so in Afrikaans opgeneem.

18. Permanent Blue : Permanentblou

Na aanleiding van Terblanche se vertaling van "Permanent

/64 .....

White" as Permanentwit is alle verbindings met permanent op dieselfde wyse vertaal.

19. Rose Doré : Roos-Doré

In hierdie geval beteken doré om ligter te maak en aangesien die kleurterm in Italiaans is, is dit net so in Afrikaans oorgeneem.

20. Rose Tyrien : Tirusroos

"Tyrien" dui op 'n kleursel wat in die Antieke Tye by Tirus, Engels "Tyre", van weekdiere gemaak is (SOED).

21. Sepie : Sepia

Hierdie kleur word van die inkvis, Sepia Officinalis, afgelei en dit kom oorspronklik van die Grieks sepia.

22. Viridian : Viridien

Volgens B.V.H. is dit veronees. Dit kan egter nie die geval wees nie aangesien Veronees, "Veronese" is. "Viridian" is oorspronklik afgelei van die kleur Veronees om sodoende aan te toon dat dit tot dié kleurgroep behoort.

/65 .....

Die term, "viridine", is van die Latyn *vrescere* en *virere* afgelei wat weer 'om groen te word" beteken (SOED).

23. *Yellow Medium, Azo* : *Medjumgeel, Asokleurstof*

Die gebruik van "azo" was problematies in hierdie kleurterm. Daar is egter gevind dat dit 'n verkorte gebruik is van asokleurstowwe wat meestal in die maak van sintetiese kleure gebruik word. In Afrikaans kan die woord nie soos in Engels verkort word nie en moes dit ten volle uitgeskryf word.

/66 .....

GEVOLGTREKKING

Die hoofdoel van hierdie projek was die opstelling van 'n gestandaardiseerde lys *Engels-Afrikaanse verfkleurterme*.

Met die opstelling van die lys terme het verskeie ander belangrike aspekte duidelik geword. Uit die aard en oorsprong van die Engelse verfkleurterme het dit geblyk dat dié terme ooreenstem met tegniese terminologie en gevolglik moes dit as sulks hanteer word.

Ten spyte van standpunte teen die letterlikevertaalmetode is daar tog besluit om dié metode te volg. Dit het outomatiese standaardisasie tot gevolg gehad en die internasionale karakter m.a.w. herkenbaarheid van die Afrikaanse terme is behou. Die skepping van nuwe Afrikaanse terme sou tot terminologiese verwarring aanleiding gegee het, aangesien die vertaler in Suid-Afrika weens die noue kontak wat tussen Afrikaans en Engels bestaan, reeds 'n definitiewe assosiatiewe verband opgebou het tussen 'n term en dit waarna die term verwys.

Nuwe Afrikaanse terme wat geensins verband hou met die bestaande Engelse terminologie nie, sou dié kognitiewe proses omverwerp en 'n nuwe verband tussen term en objek sou geskep moes word.

/67 .....

Dit was noodsaaklik om 'n deeglike studie te doen na die oorsprong van die Engelse verfkleurterme. Op die wyse het die betekenis duidelik geword en kon 'n ekwivalente Afrikaanse term d.m.v. die letterlikevertaalmetode weergegee word. Die Engelse terme is dikwels afgelei van 'n oorspronklik Latynse woord en slegs deur terug te gaan na die oorspronklike term kon die Afrikaanse term 'n ekwivalent van die Engelse term wees. Een van die uitsonderings wat wel voorkom, is "Flake White". Die wit is so genoem aangesien 'n klein hoeveelheid sinkoksied by die basis van karbonaatlood gevoeg is om die kleur meer konstant te maak en die algemene werkseienskappe te verbeter. Die term, "Flake", is afgelei van die feit dat die suiwerste witlood in die vorm van vlokkies of brokkies gebruik word om die kleur te meng. Die Afrikaanse term loodwit is dus afgelei van die oorspronklike stof nl. lood wat gebruik word om die tipe wit verf te verkry. Aldus lyk die Afrikaanse term op die oog af asof dit nie 'n ekwivalent van die Engelse term is nie, blyk dit tog uit die bespreking dat dit wel so is. Hieruit is dit ook duidelik dat die kompleksiteit van die Engelse terme dit genoodsaak het om die oorsprong na te vors voordat dit in Afrikaans vertaal is. Die letterlikevertaalmetode is ook gevolg aangesien daar gevind is dat die suiwer Afrikaanse terme eerder kleurbenamings en omskrywings is as terme.

Wat die aard van die Engelse terme betref, is dit opvallend dat die

/68 .....

adjektiewe dikwels na die naamwoord verskyn. Dié gebruik wat tipies Frans is, het daartoe gelei dat die terme individueel ontleed moes word om die 'kerngedeelte' te bepaal. In die geval van "Cobalt Violet Dark" byvoorbeeld, is gevind dat Kobalt die basis van die verf vorm. Die kobaltfosfaat word in olie vermeng om dié kleur te kry. Die adjektief "Dark" beskryf die tipe "Cobalt Violet" en gevolglik is die Afrikaanse term : Donkerkobaltviolet en nie Donkervioletkobalt of Violetkobaltdonker nie. Kobaltviolet kan dus as een begrip gesien word. Dieselfde geld vir Chroomgroen, Chroomgeel en Kadmiumrooi.

Dit blyk uit hierdie projek dat 'n kombinasie van terminologie- en vertaalwerk 'n komplekse studieveld is en dat 'n deeglike agtergrondstudie die wyse waarop terme geskep of te wel vertaal word, en gevolglik ook die aard van die nuwe terme bepaal. Alhoewel terme dikwels as *alleenstaande komponente gesien word*, het dit ook uit die projek duidelik geword dat taal nie net die medium is vir vertaling nie, maar ook vir terminologiewerk. Die twee vakgebiede blyk dus onafskeidbaar gekoppel te wees.

In Suid-Afrika wil dit voorkom asof die taalpuriste hewig gekant is teen terme wat te na aan die oorspronklike Engelse terme is.

Indien die krag van Afrikaans as *onafhanklike taal egter besef* word, kan nuwe terminologie wat internasionaal aanvaarbaar is, die

/69 .....

weg baan vir Afrikaans om selfs op internasionale gebied 'n taal-
bydrae van groot waarde te lewer. Afrikaans leen hom inderwaar-
heid tot 'n internasionale taal omrede dit 'n samevloeiing van
verskeie stamtale is wat tot 'n eie, nuwe taal gegroei het.

J70 .....

BRONNELYS

Al-Kasimi, Ali M. Linguistics and Bilingual Dictionaries, Leiden: E.J. Brill, 1977.

Berlin, B; Kay, P. Basic Color Terms, Berkeley and Los Angeles : University of California Press, Berkeley and Los Angeles, 1969.

Coetzee, Abel. Skepping van Terminologie en benutting daarvan. In : Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal. XVII, afl. 2, April 1961, pp 14 - 25.

Cummins, Herman Z & Williamson, Samuel J. Light and Color in Nature and Art, New York : John Wiley & Sons, Inc., 1983.

Dondis, Donis A. A Primer of visual literacy, Cambridge, Massachusetts : The MIT Press, 1973.

/71 .....

Du Plooy, N.F. Die Tweetalige Rekenaarwoordeboek van Coetzee, Du Plooy en Cluver, Lesing by SAIVERT - kongres.

Evans, Ralph M. An Introduction to Color, 2de Uitgawe, New York : John Wiley & Sons Inc., 1959.

Gradwohl, Roland Die Farben im Alten Testament, Berlyn : Verlag Alfred Töpelman, 1963.

Kornerup, A & Wanscher, J.H. Methuen Handbook of Colour, 3de Uitgawe, Londen : Eyre Methuen Ltd., 1981.

Le Mage, Raymond & O'Dwyer, John A. Glossary of Art terms, Surrey : John R Lawes & Co. Ltd., 1950.

Linsky, L Names and Descriptions, Chicago : The University of Chicago Press, 1977.

Lyons, J. Semantics vol. I, Cambridge : Cambridge University Press, 1977.

/72 .....

Nedobity, Wolfgang (red.)

Infoterm Series 7, Terminologies for the Eighties, with a special section : 10 years of Infoterm.

München : K.G. Saur Verlag KG, 1982.

Nida, Eugene A. & Taber, Charles R.

The theory and practice of Translation,

Leiden : E J Brill, 1969.

Posthumus, M.J.

a(I). Die opstelle oor Termkunde

Die Agtergrond van terminologiese werk in Suid-Afrika. In : Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal. XII, afl.4, 1956. pp. 1 - 6.

b(II). Die Termkunde as Wetenskap. In : Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal. XIII, afl. 1. 1956. pp. 18 - 23.

c(III). Taalwetenskap, taalgevoel, taalpolitiek In : Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal. XIII, afl.3. 1956. pp. 13 - 20.

/73 .....

Read, Herbert. The Meaning of Art, Suffolk : Richard Clay and Company Ltd., 1951.

Van der Merwe, H.J.J.M. (red.). Afrikaans sy aard en ontwikkeling, Pretoria : J.L. van Schaik Bpk., 1970.

Vernon, M.D. The Psychology of Perception, 2de Uitgawe. Aylesbury, Bucks : Hazell Watson & Winey Ltd., 1975.

Wüster, E. Internationale Sprachnormung in der Technik, besonders in der Elektrotechnik, 3de uitgawe. Bonn : H. Bouvier U. Co. Verlag, 1970.

Woordeboeke en ander naslaanwerke

Afrikaanse Woordelys en Spelreëls, 7de Uitgawe. Kaapstad Nasionale Boekhandel Beperk, 1964.

Bosman, D.B.; Van der Merwe, I.W. & Hiemstra, L.W. Tweetalige Woordeboek Afrikaans-Engels, 8ste uitgawe. Kaapstad : Nasionale Boekhandel Bpk 1986.

/74 .....

Cluver, A.D.de V. (red.) Linguistiekwoordeboek, Johannesburg : McGraw-Hill (S.A.) Edms. Bpk., 1974.

Odendal, F.F. (red.) Verklarende Handwoordeboek van die Afrika Taal, 5de Uitgawe. Johannesburg : Perskor uitgewery, 1985.


Terblanche, H.J. Engels-Afrikaanse Tegniese Woordeboek, 3de Uitgawe. Goodwood : NASOU Beperk, 1976.

The Shorter Oxford English Dictionary on Historical Principles, 3de Uitgawe. Londen : Oxford University Press, 1964.

Woordeboek van die Afrikaanse Taal Pretoria : Die Staatsdrukker.

Winsor and Newton. Notes on the Composition and Permanence of Artists' Colours, Middlesex, New Jersey : Winsor and Newton, (ongedateer).

--- oOo ---



Author Forster Ingeborg Este
Name of thesis 'n Genannoteerde Lys Engels-afrikaanse Verfkleurtrme Wat In Die Skone Kunste Gebruik Word. 1987

PUBLISHER:
University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.